NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

DRAMATIESE KUNSTE

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 150 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2020

VRAAG A DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS

VRAAG 1 *The Caucasian Chalk Circle*

1.1 INVLOEDE

1.1.1 **Kandidate moet twee geldige punte vir die sosiopolitieke aspek hê en twee geldige punte vir die kunsbeweging. Hulle kan alternatiewe argumente hê as dié in die Nasienriglyne. Aanvaar geldige antwoorde: 1 punt per geldige aspek.**

Tweede Wêreldoorlog – dit was 'n vernietigende wêreldoorlog wat van 1939 tot 1945 plaasgevind het. Die katalisator was Duitsland se inval van Pole. Geallieerde magte het toe die wapen teen Duitsland en Hitler se fascistiese regerings opgeneem. Meer as ses miljoen Jode het gedurende die oorlog gesterf.

Naziïsme – 'n oortuiging wat deur die regerende party van Duitsland van 1933 tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog gehuldig is. Dit het 'n totalitêre staat van beheer onder die heerskappy van die Führer bevorder en volgens die aanname gewerk dat Duitse troepe ras-superieur is.

Kapitalisme vs. Kommunisme – Kapitalisme is 'n stelsel van demokratiese beheer waarin eiendom privaat besit word, die ekonomie deur vrye onderneming gedryf word, rykdom ongelyk verdeel word, daar duidelike klasonderskeid is en die fokus op die individu is. Kommunisme is 'n stelsel van totalitêre beheer waar eiendom deur die staat besit word, daar geen vrye onderneming is nie, rykdom gelykop verdeel word, die samelewing klasloos is en die fokus op die gemeenskap as 'n geheel is.

Ekspressionisme – 'n modernistiese beweging wat in die 20e eeu in Europa ontwikkel is. Ekspressionisme fokus op die diep sielkundige magte onderliggend aan drama, wat drama skep. Dit behels die aanbieding van 'n innerlike sielkundige realiteit op die verhoog ('n SUBJEKTIEWE visie) teenoor 'n OBJEKTIEWE voorstelling van die samelewing (die naturalistiese/realistiese tendens). Die doel is om emosionele ervaring uit te druk in plaas van indrukke van die fisiese wêreld.

Chinese Teater – tradisioneel maak hierdie teater van baie simbole gebruik: die rekwisiete, toneelskikking en kostuums is verteenwoordigend eerder as presies. Die akteurs voer op sonder 'n "vierde muur" wat hulle van die gehoor skei. Hulle gebruik simboliese gebare om die karakter se gevoelens te eksternaliseer en die akteurs kyk na hul eie opvoering en is bewus daarvan dat hulle dopgehou word.

Agitprop-teater – die woord is 'n kombinasiewoord van "agitasie" en "propaganda". Dit is politieke propaganda, veral kommunistiese propaganda wat in Sowjet-Rusland gebruik is en na die algemene publiek versprei is deur middel van opvoerings. Dit is 'n hoogs gepolitiseerde teater en kan op enige plek opgevoer word en aangepas word om die gehoor te pas. (4)

1.1.2 **Kandidate moet een geskikte voorbeeld vir die sosiopolitieke aspek hê en een geskikte voorbeeld vir die kunsbeweging.**

Kandidaat identifiseer geskikte voorbeeld wat 'n sosiopolitieke aspek aantoon.	2 punte
Kandidaat identifiseer geskikte voorbeeld wat 'n aspek van die kunsbeweging aantoon.	2 punte

Tweede Wêreldoorlog: Die proloog speel af nadat die Duitse magte teruggetrek het. Daar is baie verwysings na Hitler se leër en die vernietiging van boorde en plase. Die proloog sluit karakters in wat in die oorlog geveg het.

Naziïsme: In die proloog sê 'n plattelandse vrou dat drie Nazi-tenks gekeer moet word, maar dat die boord toe vernietig is. Daar word ook verwys na Hitler se leërs wat gedurende die oorlog op pad is. "Dood van die Fasciste" is 'n aanhaling wat ook na Naziïsme verwys.

Kapitalisme vs. Kommunisme: Die drama bevorder die ideale van Kommunisme, naamlik dat "wat daar is, aan diegene sal behoort wat daarvoor kan sorg". Die besluit oor wie die vallei sal kry, word op 'n Kommunistiese wyse geneem. Brecht illustreer die gulsigheid van die Kapitaliste deur diegene soos Georgi Abashvilli en die Fat Prince wat net in hul eie welvaart belangstel.

Ekspressionisme: *TCCC* se struktuur is episodies, wat in ooreenstemming met Ekspressionistiese eienskappe is. Die gebruik van karakter as stereotipes en wat sosiale groepe verteenwoordig, is ook 'n kenmerk van Ekspressionisme en word baie deur Brecht in *TCCC* gebruik. Die taal van *TCCC* is ook soortgelyk aan dié van Ekspressionisme: vermenging van prosa en poësie, soms afgebete, ander kere poëties en liries.

Chinese Teater: Die gebruik van Die SANGER breek die vierde muur in *TCCC* op 'n manier wat soortgelyk is aan hoe Chinese Teater nie die vierde muur gebruik nie. Om gestus te speel en Brecht se wens dat akteurs hul karakters moet "demonstreer" eerder as om hul karakters "te word", is soortgelyk aan die Chinese Teater se idee van dat die toneelspelers daarvan bewus is dat na hul opvoering gekyk word.

Agitprop-teater: Brecht het die teater as 'n instrument vir politieke verandering beskou. Hy is oordrewe didakties en beoog beslis om gehore te leer dat Kapitalisme sleg is; deur die karakters van Natella Abashvilli en die Fat Prince, wat net in hul rykdom en mag belangstel. Brecht se boodskap is 'n politieke een: een wat Marxistiese ideologie volg. Deur die euwels van die samelewing bloot te lê waarin daar klasse is (byvoorbeeld die ryk dames wat gemeen teenoor Grusha in die karanvanserai is), het hy 'n klaslose samelewing bevorder. (4)

1.1.3 **Sien globaal na. Aanvaar alternatiewe antwoorde wat toepaslik is.**

Kandidaat is in staat om Brecht se globale dramatiese oogmerke akkuraat te verduidelik.	4 punte
Kandidaat is in staat om Brecht se oogmerke in die voorbeelde wat verskaf is, te identifiseer.	2 punte

Brecht wou 'n storie op so 'n eenvoudige wyse as moontlik vertel en hy wou verseker dat die toeskouers op 'n logiese en rasionele manier op die storie reageer. Hy wou hulle krities betrek sodat hulle intellektueel oor die kwessies wat aan hulle voorgehou word, kan dink, en hy het baie maniere aangewend om hulle weg te trek van hul potensiële doodsheid. Sy dramas was didakties; daarom wou hy hê dat die gehoor op die boodskap fokus en nie deur emosie gelei word nie. (6)

1.2 **OPVOERING**

1.2.1 (a) **Kandidate moet twee geldige punte noem. 1 punt per geldige aspek.**

Brecht maak gebruik van generiese name vir baie van sy karakters, volgens hul funksie in die samelewing of in die drama. Dit was 'n manier om afstand tussen die gehoor en die karakters te plaas en ook stereotipes in die samelewing te beklemtoon. Deur generiese name te gebruik, het hy die gehoor aangemoedig om die karakters objektief te beskou eerder as empaties. (2)

(b) **Sien globaal na. Aanvaar alternatiewe antwoorde wat toepaslik is en insig en kreatiwiteit demonstreer.**

Kandidaat identifiseer karaktertrekke korrek.	2 punte
Kandidaat verskaf bewys uit die uittreksel om karaktertrekke te staaf.	2 punte

Byvoorbeeld:

Sy is gierig, soos gesien kan word wanneer sy probeer om meer geld uit Lavrenti te kry as die oorspronklike ooreengekome prys. Sy weier ook om enige ekstra geld aan die geleentheid te spandeer deur te weier dat die monnik die laaste sakrament bedien; dit laat haar ongevoelig voorkom. Wanneer sy dreig om te onthul waarmee die monnik agter die taverne besig was indien hy van die kind sou praat, laat dit haar manipulerend voorkom. (4)

IEB Copyright © 2020

(c) **Kandidate kan rekwisiete/kostuums in hul antwoord gebruik of gestus speel.**
Sien globaal na en aanvaar enige geldige punte solank dit goed gemotiveer is, met die karakter verband hou en begrip van gestus toon.
(Gestus is die bewuste gebruik van fisiese en stemlewering deur die akteur, ondersteun deur die gebruik van kostuums en rekwisiete om 'n houding te toon wat 'n karakter se sosiale status weerspieël.)

Kandidaat beskryf geskikte spel-/rekwisiete-/kostuum-gestusidees.	2 punte
Kandidaat verduidelik hoe idees die aspekte van die karakter blootlê.	2 punte
Kandidaat toon 'n begrip van gestus en die effek daarvan.	2 punte

Byvoorbeeld:
Die MOTHER-IN-LAW kon haar vinger op 'n oordrewe manier na die MONK swaai om haar dreigende en manipulerende houding aan te dui. Dit sal haar manipulerende houding toon eerder as dat sy die emosie ervaar. Sy kan ook haar hande teen mekaar vryf en geslepe glimlag om haar hebsug te toon by die gedagte om meer geld uit LAVRENTI te kry as waaroor ooreengekom is, wanneer sy sê, "Het ons sewehonderd gesê?" Op hierdie manier kan die aktrise ekstern die karakter van die MOTHER-IN-LAW toon teenoor om emosioneel die karakter te word. (6)

1.2.2 **Let wel: die punteverdeling wat aan die inhoud hierbo toegeken word, moet veranderlik wees.**
Die opstel moet holisties nagesien word volgens die gehalte en die vermoë van die kandidaat om suksesvol met die vraag te worstel ten opsigte van geleerde verduideliking en ondersteuning.
Gee krediet vir antwoorde wat ensceneringsidees benewens spass, musiek en ensemble-elemente insluit.

Struktuur:	
Inleiding wat op die vraag fokus	1 punt
Gebruik van paragrawe om logika vol te hou	1 punt
Gevolgtrekking wat die argument bondig opsom	1 punt
Inhoud:	
Kandidaat demonstreer 'n duidelike begrip van hoe Brecht wil hê sy gehoor objektief moet dink en nie passiewe kykers wees nie	
Kandidaat verstaan hoe Brecht spass, musiek en ensemble gebruik ('n minimum van twee van die drie) om sy oogmerke te bereik.	
Kandidaat gee duidelike en toepaslike enscenerings-idees wat spass, musiek en ensemble ('n minimum van twee van die drie) in die uittreksel inkorporeer.	

IEB Copyright © 2020

Die gebruik van spass sal 'n sin van pret of lawwigheid in die toneel inbring, wat 'n element van vermaak sal byvoeg. Hoewel Brecht wou hê sy gehoor moet opgevoed word en intellektueel dink, wou hy steeds hê hulle moet vermaak word. Dus, spass kan komedie verskaf, maar ook die gehoor betrek deur hulle oor 'n kwessie te laat dink terwyl hulle lag.

Kandidate kan oomblikke vind waar boertery of fisiese komedie gebruik kan word om die spanning in die toneel te verlig.

Brecht het ook geglo dat musiek gebruik kan word om spanning te verbreek of naas die stemming van die toneel te werk. Die gehoor sal meer bewus wees van die musiek omdat dit nie noodwendig gebruik is om die atmosfeer te versterk nie, maar eerder om die gehoor emosioneel op 'n afstand te hou. Die effek sal die gehoor dwing om die insluiting van die musiek te bevraagteken en dus tot gevolg hê dat die gehoor op 'n meer objektiewe manier na die toneel kyk. Kandidate kan geskikte oomblikke vind waar die musikante 'n stukkie musiek speel wat nie by die stemming van die toneel pas nie of uitstaan en ongelyksoortig is. Hulle sal die stemming moet identifiseer en die musiek wat hulle sou gebruik, beskryf en verduidelik hoe dit die gehoor sal ontstem.

Die gebruik van ensemble het Brecht in staat gestel om tablo's as 'n vorm van gestus te skep. Dit kan gebruik word om stereotipes en oorvereenvoudigde karakters te illustreer. Die CHORUS en MOURNERS kan saamgegroepeer word; sommige jubelend vanweë die troue en ander met houdings van roubeklaers. Kandidate kan idees insluit soos om die roubeklaers begrafnisliedere tydens die troue te laat sing. (15)

1.3 **TONEELSKIKKING**

Nasieners moet globaal na antwoorde kyk. Wat volg, is slegs 'n riglyn. Maksimum 6 punte indien kandidate slegs een van die twee tonele bespreek. Kreatiewe en gemotiveerde idees moet beloon word.

Kandidaat maak geskikte keuses met betrekking tot die gebruik van die verhoogruimte.	3 punte
Kandidaat se keuses handhaaf Brecht se bedoelings in die motivering.	3 punte
Kandidaat demonstreer 'n begrip van elke toneel.	2 punte

Kandidaat moet 'n begrip toon van hoe Brecht verkies om ligging voor te stel eerder as om dit realisties uit te beeld. Ken punte toe vir die gebruik van biljette, projeksies, plakkate en dergelike. Byvoorbeeld, hulle wil dalk hê dat die toneelspelers wat plattelanders en die petisionarisse speel, op die voorverhoog plakkate vashou wat hul ellendige toestand toon, terwyl 'n projeksie van 'n spoggerige kerkgebou op die agterste muur geprojekteer word, wat die kontras tussen arm en ryk beklemtoon. Kandidaat kan simboliese items gebruik om die agtergrond voor te stel, byvoorbeeld 'n blou doek in die middel van die verhoog, wat sodoende Simon en Grusha skei, en die emosionele golf wat tussen hulle is, beklemtoon. (8)

IEB Copyright © 2020

1.4 **TAAL**

Nasieners moet antwoorde globaal nasien en moet enige geldige, gemotiveerde antwoord aanvaar. Hieronder is 'n paar riglyne.

Kandidaat identifiseer elemente van Brecht se taalgebruik.	3 punte
Kandidaat evalueer Brecht se gebruik van taal om sy bedoeling te verwesenlik.	3 punte

- Brecht het taal gebruik om die boodskappe wat hy wou hê die gehoor moet verstaan, te beklemtoon, byvoorbeeld die probleme wat met 'n klasverdeelde samelewing gepaardgaan.
- Sy taalgebruik was gemik op die werkersklas (die proletariese gehoor) en daarom moes dit duidelik en eenvoudig wees.
- Brecht het taal gebruik om die gestus van 'n karakter uit te druk – byvoorbeeld, hy het onderskeid getref tussen die taal van die hoër klas wat gekunsteld en afgebete was, die taal van die soldate wat suggestief en vulgêr was en die taal van die laer klas wat eenvoudiger was maar ook gebruik gemaak het van spreuke en idiomatiese uitdrukkings. Deur openlik onderskeid te tref, het hy beklemtoon hoe verdeeld die samelewing was.
- Hierdie naasmekaarstelling van taalstyle (van die poëtiese na die prosaïese of die komiese) het ook die feit dat die samelewing volgens klas verdeel was, in skerp fokus gebring.
- Brecht het ook van die derde persoon in sy dramas gebruik gemaak. Dit was om die mate van empatie wat 'n gehoor sou ervaar, te verminder en sodoende te sorg dat hulle objektief bly en intellektueel oor die kwessies nadink.
- Die kombinasie van sang, vertelling en dialoog het ook gedien om die gehoor uit hul doodsheid te lig en daaraan te herinner dat dit weliswaar net 'n drama is waarna hulle kyk. (6)

[55]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 2 SUID-AFRIKAANSE TEATER

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- ***The Island***
- ***Sizwe Bansi Is Dead***
- ***My Life***

Let wel: Jy moet slegs EEN van bostaande tekste kies en alle antwoorde vir hierdie vraag moet op die teks wat jy gekies het, gegrond word.

2.1 RELEVANSIE, TEMAS, BEMARKING EN VOORBEREIDING

2.1.1 (a) **Let wel: die punteverdeling wat aan die inhoud toegeken word, moet veranderlik wees. Die toekenning dien bloot om u te lei. Sommige kandidate kan die relevansie breedvoeriger verduidelik of die temas in groter detail. Maksimum ses punte mag vir enigeen van die twee aspekte toegeken word.**

Kandidaat is in staat om die temas wat in die gekose drama voorkom, te identifiseer.	4 punte
Kandidaat verduidelik geslaagd hoekom hierdie temas relevant is vir 'n Versoeningsdagviering deur die temas met die huidige Suid-Afrika in verband te bring.	4 punte

- *MY LIFE* – temas is toegespits op tienerkwessies soos identiteit, vryheid, begeerte om aanvaar te word, om te behoort, die groot afstande tussen verskillende kulture en generasies en 'n eis vir 'n beter lewe vir jong mense in Suid-Afrika.

- *SIZWE BANSI IS DEAD* – temas is toegespits op arbeidsreg, paswette, rassisme, die brutaliteit van apartheidswette, die ontmenslikingseffek daarvan om as 'n nommer geïdentifiseer te word, en om as 'n swart man jou naam prys te gee om werk te kan kry.

- *THE ISLAND* – temas is toegespits op onmenslike tronktoestande op Robbeneiland, wreedheid van tronk-bewaarders, rassisme, die hopeloosheid van tronklewe, en die apartheidsregering. (8)

IEB Copyright © 2020

(b) **Aanvaar enige drie geldige punte oor styl en enige drie geldige punte of twee goed ontwikkelde punte daaroor om die taal te moderniseer.**

STYL:
- Omgangstaal word gebruik
- Dit is veeltalig
- Die drama bevat sterk taal
- Dit is by tye verhalend/vertellend
- Daar is oomblikke wat improvisasie moontlik maak

MODERNISERING VAN DIE TAAL:
Sommige voorstelle om die taal te moderniseer, kan wees:
- Modernisering van die taal sal maak dat 'n 21ste eeuse gehoor groter aansluiting by die taal vind.
- Afhangende van die teikengehoor by die leerlinge se skool, sal om die gebruik van die spreektaal te verminder of te vermeerder groter toeganklikheid tot gevolg hê.
- Omdat die opvoering in 'n skoolomgewing plaasvind, sal die verwydering van lastering en vloekwoorde 'n goeie ding wees.

Sommige voorstelle om NIE die taal te moderniseer nie, kan wees:
- Die drama is deel van die Protesteaterkanon en dit sal oneerbiedig wees om dit te verander.
- Gehore moet die drama is sy oorspronklike vorm waardeer.
- Die impak van die drama sal verminder word indien veranderings aangebring kan word. (6)

(c) **Hanteer elke antwoord op eie meriete. Hierdie vraag is kreatief en vereis persoonlike interpretasie en moet dienooreenkomstig nagesien word. Wat hieronder volg, is bloot 'n riglyn.**

Die kandidaat beskryf die ruimte in detail.	2 punte
Die kandidaat verwys akkuraat na TWEE oomblikke in die gekose teks en lê spesifieke verbande met die vereistes van die oomblikke en hoe dit bereik kan word in die gekose weergee.	6 punte

(8)

(d) **Hanteer elke antwoord op eie meriete. Hierdie vraag is kreatief en vereis persoonlike interpretasie en moet dienooreenkomstig nagesien word. Wat hieronder volg, is bloot 'n riglyn.**

Kandidaat verskaf 'n subhofie wat interessant is en die aandag trek.	1 punt
Kandidaat verskaf 'n toepaslike subhofie wat die kern van die gekose drama weergee.	1 punt

(2)

IEB Copyright © 2020

(e) **Hanteer elke antwoord op eie meriete. Hierdie vraag is kreatief en vereis persoonlike interpretasie en moet dienooreenkomstig nagesien word. Wat hieronder volg, is bloot 'n riglyn.**

Kandidaat verduidelik doeltreffend hoekom die subhofie aandag sal trek.	1 punt
Kandidaat verduidelik doeltreffend hoe die subhofie die kern van die gekose drama weergee.	1 punt

(2)

(f) **Hanteer elke antwoord op eie meriete. Hierdie vraag is kreatief en vereis persoonlike interpretasie en moet dienooreenkomstig nagesien word. Wat hieronder volg, is bloot 'n riglyn.**

Kandidaat verskaf TWEE geskikte besonderhede ('n beeld/aanhaling/reklameteks).	2 punte
Kandidaat motiveer die insluiting van die bykomende besonderhede deur die relevansie daarvan met die gekose drama in verband te bring OF met die demografie van die teikengehoor.	2 punte

(4)

2.1.2 **Hanteer elke antwoord op eie meriete. Wat hieronder volg, is bloot 'n riglyn.**

Kandidaat verduidelik die oorspronklike kreatiewe proses van die gekose drama.	5 punte
Kandidaat verduidelik die kontemporêre kreatiewe proses van die gekose drama.	5 punte

Die oorspronklike kreatiewe proses vir elk van die gekose dramas het van die werkswinkelskeppingsproses gebruik gemaak. Die medewerkers was deel van die skepping van die draaiboek en die repetisieproses het die totstandkoming en verfyning van die draaiboek ingesluit. Die werkswinkelteaterproses beperk nie die deelnemers tot gespesialiseerde rolle nie (regisseur, akteur of dramaturg). Alle deelnemers het inspraak in die proses en besluite word deur middel van konsensus geneem. Die proses sal wissel, afhangende van die aard van die inhoud, die spesifieke oogmerke van die projek en die spesifieke persone wat betrokke is, maar daar is sekere fases wat herkenbaar is, naamlik: die Idee-/Oogmerkfase, die Waarneming- en Navorsingsfase, die Improvisasiefase, die Keuringsfase en die Opnamefase. Die proses en die eindproduk is in hierdie geval ewe belangrik.

In 2020 sal die repetisieproses van die gekose drama wat skoolleerders as akteurs gebruik en met 'n regisseur wat in beheer is, baie anders lyk as die oorspronklike kreatiewe proses. Om 'n regisseur te hê impliseer 'n hiërargiese struktuur, aangesien die regisseur 'n sekere visie vir die finale produksie sal hê. Die regisseur sal die repetisieproses gebruik om die leerders op so 'n manier af te

IEB Copyright © 2020

rig dat sy of haar visie bereik sal word. Dit is 'n minder demokratiese proses. Die redes waarom die drama opgevoer word, sal ook van die oorspronklike verskil. Elke toneelstuk is oorspronklik geskep ten einde 'n verandering in die samelewing te bewerkstellig. 'n Kontemporêre opvoering van die drama vir 'n Versoeningsdagviering sal 'n ander neiging hê wat die regisseur in gedagte sal moet hou. Die repetisieproses van die kontemporêre produksies sal op die gebruik van die reeds gedrukte draaiboek fokus, en effense aanpassings maak om dit meer toeganklik vir 'n kontemporêre gehoor te maak, dit te blok en die opvoering af te rond. Die leerders moet die oorspronklike oogmerk verstaan en navorsing doen, maar nie met die doel om nuwe materiaal te skep nie; dit sal eerder wees sodat hulle die styl en sosiopolitieke konteks van die tydperk waarin dit geskryf is, kan verstaan. Die fokus sal meer op die eindproduk as op die proses wees. (10)

2.2 SOSIOPOLITIEKE KONTEKS

Nasieners moet holisties na antwoorde kyk en krediet vir goed gemotiveerde punte gee.

Elke antwoord moet op sy eie meriete hanteer word.

Struktuur:	
Inleiding wat op die vraag fokus.	1 punt
Gebruik van paragrawe om logika te handhaaf.	1 punt
Gevolgtrekking wat die kern van die bespreking in die hoofdeel van die opstel opsom.	1 punt
Inhoud:	
Kandidaat verstaan die idee dat die gekose drama polities is deur middel van 'n verduideliking van die spesifieke sosiopolitieke konteks.	
Kandidaat verduidelik hoe die karakters in die gekose teks die sosiopolitieke konteks waarin hulle hul bevind, ervaar en hoe hulle gebruik word om die politieke bedoeling van die dramaturg oor te dra.	
Kandidaat motiveer die verduideliking met toepaslike en geskikte voorbeelde uit die Suid-Afrikaanse teks.	

The Island

- in Suid-Afrika gedurende die 1970's geplaas
- gedurende die Apartheidsregering toe die NP aan bewind was
- wetgewing het bepaal dat enige persoon van kleur as minderwaardig teenoor die wit bevolking geag is
- segregasie in geriewe, aparte gebiede toegewys aan aparte rasse en tallose wette wat die beweging van mense van kleur beperk, aangesien hulle onderdruk is
- onderdrukking was sigbaar in die tronke, veral op Robbeneiland waar politieke gevangenes onmenslik behandel is

IEB Copyright © 2020

My Life

- in Suid-Afrika in 1996 ná die eerste demokratiese verkiesing geplaas
- in die "wittebroodfase" van die Nuwe Suid-Afrika wat streef om 'n Reënboognasie te wees, en hard probeer om te versoen en van die verlede te genees
- die drama probeer om sekere magstrukture te skuif in sy uitbeelding van karakters/mense in 'n nuwe Suid-Afrikaanse konteks
- terselfdertyd poog dit om die manier waarop sommige magsverhoudings desnieteenstaande onbevraagteken bly, bloot te lê
- vyf meisies van verskillende rasse, ouderdomme wissel van 15 tot 21 en vertel anekdotes oor hul ervaring in 1994 toe die eerste demokratiese verkiesing plaasgevind het

Sizwe Bansi is Dead

- in Suid-Afrika in New Brighton, Port Elizabeth in die 1970's geplaas
- gedurende die Apartheidsregering toe die NP aan bewind was
- wetgewing het bepaal dat enige persoon van kleur as minderwaardig teenoor die wit bevolking geag is
- segregasie in geriewe, aparte gebiede toegewys aan aparte rasse en tallose wette wat die beweging van mense van kleur beperk, aangesien hulle onderdruk was
- paswette is ontwerp om die bevolking te skei en hulle het die land se apartheidstelsel gedomineer
- die Naturelle (Stadsgebiede) Wet het stedelike gebiede in Suid-Afrika as "wit" geag en alle swart mans in stede en dorpe gedwing om ten alle tye permitte te dra, wat passe genoem is. Enigeen wat sonder 'n pas betrap is, is onmiddellik gearresteer en na 'n landelike gebied gestuur
- die Paswet van 1952 het dit verpligtend gemaak vir alle swart Suid-Afrikaners ouer as 16 om ten alle tye 'n "pasboek" te dra. Die wet het gestipuleer waar, wanneer en vir hoe lank 'n persoon in 'n sekere gebied mag bly
- die pasboek was ook bekend as die *dompas* (15)

[55]

110 punte

VRAAG B DRAMATIESE ONTLEDING

VRAAG 3 OPSTEL

Hierdie vraag ondersoek hoe die drama van bladsy na verhoog geneem word, gegrond op die dramaturge se oogmerke. 'n Deeglike begrip van die style van elke drama word vereis en kandidate moet hul begrip van die enscenering en opvoeringsvereistes van elke drama toon en hoe hulle saamwerk om die dramaturge se oogmerke te bereik.

Die opstel moet globaal op eie meriete nagesien word, maar kandidate moet aandag aan al drie die kolpunte gee. Dit is heel moontlik dat die dramaturg se oogmerke by die kandidaat se bespreking van enscenering en opvoeringstyl geïntegreer sal word.

DRAMATURGE SE BEDOELINGS

THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE
• Brecht het konvensionele teater, naamlik *realisme*, gekritiseer en die beginsels en konvensies daarvan vermy, aangesien hy geglo het dit moedig passiwiteit in die gehoor aan. • Hy wou sosiale hervorming met sy teater bewerkstellig en het op teater as 'n instrument vir politieke verandering gefokus. • Hy was 'n Marxis en het teater as 'n politieke instrument beskou. Dus het hy sy dramas gebruik om sy Marxistiese ideologieë te beklemtoon deur die euwels van 'n kapitalistiese samelewing te toon waarin daar groot klasseskeiding was. • Deur sy dramas wou hy die vernietigende uitwerking van oorlog blootlê, hoe korrupte regering tot die lyding van die massas gelei het en hy wou die goedheid/ deugdelikheid van die mens bevorder. • Hy het geglo sy dramas moet didakties wees en hy het beoog om morele lesse deur hulle te leer. • Hy wou 'n storie op so 'n eenvoudige manier as moontlik vertel sodat gehore maklik die les wat deur middel van die storie geleer word, verstaan. • Brecht het die kyk van 'n drama as 'n objektiewe aktiwiteit bevorder. Hy het sy gehore toeskouers genoem eerder as gehore omdat hy geglo het hulle moet nie passiewe kykers wees wat bloot vir vermaak kyk nie. Hy net nie emosies of vermaak verag nie, maar het meer daarop gefokus om sy gehore op te voed. • Brecht wou hê sy gehore moes intellektueel op sy dramas reageer en krities oor die kwessies wat hy in sy damas aangebied het, dink.
SA DRAMAS
• Al drie dramas kan as protesdramas beskou word en daarom is die oogmerke van Protesteater van toepassing. • Die dramas beoog om 'n bewustheid van sosiopolitieke probleme te skep. • Hulle beklemtoon aktuele kwessies. • Hulle voed gehore op oor probleme in die samelewing. • Hulle beoog 'n tipe sosiale hervorming. • Die protes-element hoef nie openlik en gewelddadig te wees nie: om bloot die absurde handelinge van individue op die verhoog uit te beeld, kan 'n sterk emosionele reaksie van die gehoor ontlok wat verandering sal teweegbring. • Die dramaturge wou hê die gehoor moet emosioneel met die karakters verbind wees sodat hulle ontroer kan wees deur wat hulle sien en verandering bewerkstellig. • Relevante voorbeelde moet uit die spesifieke teks wat bestudeer is, gegee word.

IEB Copyright © 2020

OPVOERINGSTYL

THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE
• Brecht se karakters word as tipes gekonstrueer en is verteenwoordigend van hul sosiale en politieke funksie in die samelewing. Daar is 'n spesifieke opvoeringstyl nodig om dit te demonstreer en Brecht se oogmerke te bereik. • Brecht-akteurs demonstreer die rol eerder as wat hulle die karakter word. • Akteurs moet 'n gevoel van afstand tussen hulle en hul karakters hê. • Hulle gebruik beide voorstellings- en verteenwoordigingspel. • Brecht is beïnvloed deur sowel Chinese as Japannese teater en het dus sy akteurs aangemoedig om van gestileerde gebare gebruik te maak. • 'n Brecht-akteur breek die vierde muur (in die geval van The SINGER) en spreek die gehoor toe. • Daar kon van hulle verwag word om 'n oorvereenvoudigde of stereotiepe karakter met 'n generiese naam te speel (byvoorbeeld The COOK of The FUGITIVE). • Hulle gebruik die tegniek van gestus om 'n eksterne vertoning van hul karakter se houding of emosie te verskaf. • Brecht-toneelspel inkorporeer maskerwerk, aangesien baie van sy karakters halwe maskers gebruik. • Daar word van akteurs vereis om veelvuldige rolle te vertolk. • Brecht-akteurs moet stem-veelsydig wees, aangesien hy van sang in sy dramas gebruik gemaak het.
SA DRAMAS
• Die dramas het elemente van mondelinge tradisie, aangesien die storievertellery duidelik is. • Daar is elemente van Arm Teater. • Die dramas is akteurgesentreerd – maak baie staat op die fisiese en stemvaardighede van die spelers. • 'n Breë fisiese teateropvoeringstyl word vereis. • Naby en intieme ruimte word gebruik en daarom moedig nabyheid intieme verhoudings aan. • Rou en energiek. • Minimale hulpbronne: funksionele kostuums en multifunksionele rekwisiete. • Vinnige tempo en eerlik. • Hard, fisies energiek en voorstellend. • Direkte kontak met die gehoor. • Absolute fisiese en stembeheer is nodig sodat totale transformasie van karakters moontlik is. • Daar is 'n fokus op die vaardighede van die akteur om die omgewing van die drama te skep. • Relevante voorbeelde moet uit die spesifieke teks wat bestudeer is, gegee word.

IEB Copyright © 2020

ENSCENERING

THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE
• Die enscenering was heeltemal teen-illusionisties. Brecht wou sy gehoor gedurig daaraan herinner dat hulle na 'n drama kyk en nie 'n "greep uit die lewe" nie. • Brecht-enscenering het elemente ingesluit soos om die ouditorium se ligte aan te los, om verandering van tonele oop en bloot voor die gehoor te doen en dekor te skep wat suggererend of verteenwoordigend van 'n plek is eerder as om realisties te wees. • Hy is deur konstruktivisme beïnvloed en dus is steierwerk of dekor wat 'n nywerheidsvoorkoms het, opgerig. • Hy het biljette, plakkate en projeksies op skerms gebruik om inligting aan die gehoor oor te dra of om die temas wat op die verhoog uitgebeeld word, te beklemtoon. • Sy teater was een van wys en daarom het hy tablo's geskep en die akteurs so gerangskik dat dit hulle karakters se sosiale status met betrekking tot ander duidelik wys. • Al hierdie ensceneringskeuses is gedoen met die bedoeling om die gehoor krities betrokke by die aksie te hou en oor die gebeure wat hulle sien, te dink. • Brecht het van rekwisiete gebruik gemaak deur hulle te gebruik om karakters se sosiale status aan te dui, d.i. rekwisiet-gestus. • Kostuums sou karakters se sosiale funksie en hul klas aandui.
SA DRAMAS
• Simboliese ensceneringstyl. • Eenvoudige (nie simplistiese nie) ensceneringstyl. • Minimalisties (met betrekking tot toneelskikking, rekwisiete en kostuums). • Die dramas vereis 'n eenvoudige, selfs onbuigsame benadering tot enscenering. • Daar is elemente van Arm Teater: gebruik van nietradisionele ruimte, naby akteur-gehoor-verhouding om 'n konfronterende debat met die gehoor te skep en hulle nie toe te laat om passief te wees nie. • Basiese beligting sal gebruik word, aangesien die fokus op die akteurs is. • Kostuums en grimering kan realisties wees om die sosiopolitieke konteks van die karakters te beklemtoon. • Relevante voorbeelde moet uit die spesifieke teks wat bestudeer is, gegee word.

IEB Copyright © 2020

INHOUDRUBRIEK

PUNT		/30	
A+ 90%+		**27**	Briljant, toon duidelike insig in die teks, konteks en inhoud. Gebruik toepaslike akademiese register. Argument/bespreking lei tot 'n gevolgtrekking wat besinnende, kritiese en kreatiewe denke toon (nie losstaande/onverwante stellings nie). Regverdig antwoord met toepaslike verwysing na die teks met voorbeelde uit die drama(s) (verwantskappe tussen die dramatiese beginsels word herken). Bring antwoord met die gegewe argument in verband en integreer die eise van die vraag en bron op 'n kreatiewe en oorspronklike manier.
A 80%+		**24**	Uitstekend, maar nie briljant nie. Gebruik toepaslike akademiese register. Argument/bespreking lei tot 'n gevolgtrekking wat besinnende, kritiese en analitiese denke toon, maar nie so goed gestruktureer soos vir A+ nie. Motiveer antwoord met toepaslike verwysing na die teks met voorbeelde uit die dramas. Bring antwoord met die gegewe argument/bespreking in verband (antwoord is doelgedrewe en nie slaafse herhaling nie) en integreer die eise van die vraag op 'n kreatiewe en oorspronklike manier. Duidelike begrip van die teks, konteks en inhoud.
B 70%+		**21**	'n Goeie opstel. Gebruik toepaslike akademiese register. Bring antwoord met die gegewe argument/bespreking in verband (antwoord is doelgedrewe en nie slaafse herhaling nie). Ongebalanseerde fokus in die bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer aandag as ander). Motiveer antwoord met toepaslike verwysing na die teks met voorbeelde uit die dramas. Verstaan die werk.
C 60%+		**18**	'n Gemiddelde opstel. Bring antwoord met die gegewe argument/ bespreking in verband, maar ontwikkel dit nie. Ongebalanseerde fokus in die bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer aandag as ander). Motiveer antwoord met verwysing na die intrige. Verstaan die werk.
D 50%+		**15**	Bring antwoord met die gegewe argument/bespreking in verband, maar dit is gebrekkig en/of ongemotiveerd. Ongebalanseerde fokus in die bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer aandag as ander). Motiveer antwoord met verwysing na die intrige. Redelike goeie kennis van die werk.
E 40+		**12**	Verstaan en pak die onderwerp aan, maar argument/bespreking is gebrekkig en/of ongemotiveerd. 'n Gegorrel, veralgemening en slaafse herhaling van kennis sonder om dit met die vraag in verband te bring. Motiveer antwoord met verwysing na die intrige.
F 30+		**9**	Fokus slegs op een drama of een aspek van die vraag. Bespreking van elemente is baie yl. Uitdrukking swak, min struktuur. Kennis swak.
FF 20+		**6**	Swak. Swak begrip van dramas en inhoud. Fokus slegs op een drama of een aspek van die vraag. Uitdrukking swak, min struktuur.
G 10+		**3**	Swakker as FF. Min kennis, geen argument nie. Uitdrukking swak, geen struktuur nie. Geen poging om die vraag te beantwoord nie.
H 0+		**0**	Antwoord hou nie met die vraag verband nie. Geen of geringe poging om die vraag te beantwoord.

[Inhoud: 30]

IEB Copyright © 2020

STRUKTUURRUBRIEK

KRITERIA	9–10	7–8	5–6	3–4	0–2
Inleiding en gevolgtrekking	Belese inleiding wat toon die leerder verstaan die onderwerp/ vraag, fokus op die onderwerp/ vraag, stel die argument/ bespreking duidelik en spesifiek op, en neem 'n duidelike standpunt in met betrekking tot die onderwerp/vraag. Die gevolgtrekking is uitstekend, weerspieël 'n duidelike samevatting van die argument/ bespreking in die hoofdeel van die opstel.	'n Vaardige inleiding. Daar is bewys dat die onderwerp/vraag verstaan word en 'n argument/ bespreking wat fokus op die onderwerp/vraag wat gestel is. Die gevolgtrekking word duidelik gestel en toon 'n goeie begrip van die sentrale argument/ bespreking in die hoofdeel van die opstel.	Die inleiding probeer fokus op die onderwerp/ vraag en stel 'n argument/ bespreking op. Die gevolgtrekking probeer die argument/ bespreking in die hoofdeel van die opstel saamvat, maar is redelik onduidelik en vaag.	Die inleiding is bloot 'n herhaling van die onderwerp/ vraag. Daar is geen poging om die fokus van die argument/ bespreking te vestig nie. Die gevolgtrekking vat die argument/ bespreking in die hoofdeel van die opstel nie regtig akkuraat saam nie.	Die inleiding is afwesig of vaag, ongefokus en/of onakkuraat. Die gevolgtrekking is afwesig of vaag, ongefokus en/of onakkuraat OF dit is bloot 'n herhaling van die inleiding. DIE KANDIDAAT HET VERSUIM OM 'N OPSTEL TE SKRYF.
Ontwikkeling van argument en/of bespreking	Skakeling is stewig. Die argument/ bespreking word volledig ontwikkel.	Die argument/ bespreking word goed ontwikkel en daar is 'n poging tot skakeling.	Geen skakeling duidelik nie. Die argument/ bespreking word redelik goed ontwikkel.	Geen skakeling nie. 'n Gefragmenteerde argument/ bespreking word aangebied.	Die rangskikking van die opstel is nie samehangend nie en daar is dus baie min tot geen ontwikkeling van 'n argument/ bespreking.
Paragrafering	Paragrafering is uitstaande. 'n Duidelike analitiese stelling wat met die onderwerp/vraag verbind word, word gevolg deur deeglike ontleding en ondersteuning.	Paragrafering is bevredigend. Die meeste paragrawe begin met 'n analitiese stelling wat taamlik goed verduidelik en ondersteun word.	Paragrafering is net toereikend. Beginstellings is nie altyd duidelik en op een idee gefokus nie. Daar is 'n poging om te verduidelik en te ondersteun, maar dit is dikwels vaag.	Paragrafering is swak. Stellings wat vaag/ ongefokus is, word dikwels gemaak. Daar is baie min ontleding en goeie, pertinente verduideliking en ondersteuning.	Paragrafering is baie swak. Onvermoë om op 'n enkele idee te fokus en dit te verduidelik en te ondersteun. Deurmekaar stellings word aangebied met min of geen verduideliking nie.
Verwysing na die twee dramas	Uitstekende verwysing – pertinent en akkuraat.	Verwysing is goed gedoen, maar nie altyd aanwesig nie.	Verwysing is redelik sporadies.	Verwysing is sporadies en nie altyd akkuraat of relevant nie.	Baie min verwysing na die twee dramas. Onakkuraathede.

[Struktuur: 10]

40 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2020